# Hoër Tegniese Skool Drostdy

STIGTINGSDATUM: 1903
LEUSE: LABORA DEO CONFIDENTE (WERK, OP GOD VERTROUEND)
ADRES: SOMERSETSTRAAT 40, WORCESTER
WWW.HTSDROSTDY.CO.ZA

FNB

## Skoolgeskiedenis

Drostdy is die generiese term vir die landdros se woning en hof toe die Kaap nog Hollands was. Naas Worcester is daar ook mooi drostdygeboue in Graaff-Reinet, Tulbagh, Swellendam en George. Dit was gewoonlik, behalwe dalk vir die kerk, die beste gebou op 'n dorp.

HTS Drostdy is een van die grootste koshuisskole in die land. Die meeste van die leerlinge word in vier koshuise gehuisves. Die Drostdy-koshuis, wat op die punt van die hoofstraat geleë is, is 'n nasionale monument.

*"Ek het van Breërivier na Drostdy gekom. Ek was eintlik op pad na Waterkloof in Pretoria toe Drostdy my 'n beurs aanbied. Ek was gelukkig, want dit het beteken dat ek in die Boland kon bly en 'n kans sou staan om vir dié provinsie rugby te speel. Dit was 'n keerpunt in my rugbyloopbaan – groot deure is vir my oopgemaak. Die legendariese Drostdy-breier Oppies Opperman het onskatbaar baie vir my toekoms gedoen en my ook by die Cravenweek afgerig. Die groot verskil tussen Drostdy en die ander skole waar ek was, is moontlik die skool se ervare en volwasse breiers. Baie bruin ouers vra my hoe hul seuns eendag in rugby kan presteer of aan beroepsrugby kan deelneem. Al wat ek sê, is dat Drostdy die grondslag vir my loopbaan gelê het. My laaste jaar by die skool, 1996, was ongelooflik. Ons het nie net ons plaaslike opponent Worcester Gim geklop nie, maar ook met Paul Roos en Bishops afgereken. Ek het gewoonlik 'n drie of wat in die meeste wedstryde gedruk!"*

**— Jeffrey Stevens**
**(1995-96, SA Skole 1995-96, SA 7's, WP, Boland, Griekwas)**



## Rugby by Drostdy

Drostdy het 'n trotse rugbygeskiedenis en beskik oor sowat twintig spanne in vier ouderdomsgroepe: o.19, o.16, o.15 en o.14. Die skool lewer reeds lank en deurlopend talle spelers aan die Boland-Skole se Cravenweekspan. Meer as 140 het reeds Boland-kleure by die Cravenweek verwerf. Drostdy-rugby het moontlik in 1984 sy grootste jaar beleef. Hulle het in die Boland-liga gespeel en al tien trofeë in die onderskeie ouderdomsgroepe ingepalm. In 1985 het hulle die Boland se o.19-Skolebekerfinaal gewen, en met die Hoër Landbouskool Boland afgereken. Dit was die derde keer daardie jaar dat hulle die magtige Boland geklop het. Hoewel Drostdy oor baie seuns van boere beskik, wat sterk voorspelerpakke oplewer, was die skrum- en loeskakelkombinasie van Kobus la Grange en Marius Bartel besonder talentvol.

Teen die laat jare tagtig was bekerkompetisies in die Boland daarmee heen. Die skool moes ook teen twee plaaslike skole op Saterdae speel om aan al hulle spanne 'n wedstryd te bied. Derhalwe het Drostdy aan die begin jare negentig meer gereeld teen die groot skole van die Westelike Provinsie begin speel. In 2007 het vyf Drostdy-spelers die Boland se o.18 span by die Cravenweek verteenwoordig. Ná 'n briljante vertoning by die Grant Khomo-week, wat by Kearsney gehou is, is Christoff Fernhout, Granville Jansen, Werner Badenhorst en Rouvan Appel vir die fees se "SA o.16-span" gekies. 'n Blink rugbytoekoms lê vir die skool voor.

Drostdy is bekend vir sy uitmuntende breiers. Daar is Oppie Opperman, wat vir Boland haker gespeel het en Drostdy en Boland-skole jare lank afgerig het. Hy is steeds by die skool betrokke. Dawie de Lange, wat die 1ste span vir agtien jaar afgerig het, en Tiaan Augustyn is nog twee wat baie vir die skool se rugby gedoen het. Hoewel Drostdy in die hart van die Boland geleë is, ding die skool met baie van die tradisionele rugbyskole in die Westelike Provinsie mee, onder andere die Hoër Joenskool Paarl, Paarl Gimnasium, Paul Roos Gimnasium, Wynberg Boys' High en die Hoër Landbouskool Boland. En dan is daar die plaaslike derby teen Worcester Gimnasium. Drostdy bied elke jaar 'n rugbyfees aan die einde van die krieketseisoen aan, maar weens verbouings in 2006 en 2007 is dit vir eers op sy gesit. 'n Fees vir laerskole is egter voortgesit.